# HOOFSTUK IX NOODSAAKLIKHEID EN WAARDE VAN DIE OPVOEDING

## 1. Inleiding

As alles wat tot dusver in hierdie werkstuk aangeteken is, in aanmerking geneem word, lyk dit vanselfsprekend dat opvoeding moet plaasvind en dat dit uiters waardevol is. As net die bladsye wat handel oor die mensbeeld en die einddoel van die opvoeding gelees word, is daar reeds voldoende motivering vir die opvoedingsaktiwiteit te vind. Maar die Christelik-nasionale opvoeder kry 'n veel beter begrip van die belangrikheid en omvang van sy taak as hy ook 'n studie maak van die ander opvoedkundige redes waarom opvoeding noodsaaklik is. Hierdie studie sluit by die bepaling van die waarde van die opvoeding aan omdat die noodsaaklikheid tegelyk ook wys op die waarde wat verkry kan word deur opvoeding. Dit is egter vooraf nodig om enkele dwaalweë, vanuit Christelike oogpunt beskou, aan te toon.

Dis eerstens nodig om te sê dat die mens nie 'n verlengstuk van die dier is nie,[1]) en ook nie van enige ander wese nie. Ten spyte van eienskappe wat ook by die dier voorkom, is die mens heeltemal 'n ander wese as die dier. Die mensbeeld toon dit aan. Die opvoeder moet dus altyd in gedagte hou dat daar meer rede vir opvoeding is as net die natuurlike aard van die mens wat ontwikkel moet word.

Tweedens is dit nodig om in gedagte te hou dat die opvoedeling nie soos 'n masjien op prikkels reageer nie. Dit beteken dat opvoeding nie noodsaaklik is omdat die opvoeder die opvoedeling deur middel van sy (die opvoeder se) handeling na willekeur kan stuur en determineer nie.[2])
Die Christelik-nasionale opvattinge is anders, en die prestasies of gebrek aan prestasies wat wel die opvoeder se aandag in 'n ander verband verdien, word nie as die grond vir die noodsaaklikheid van die opvoeding gesien nie.

Derdens mag die opvoeder en opvoedkundige een of meer van die ware gronde vir die noodsaaklikheid van die opvoeding te veel benadruk,

---

[1]) Die Naturaliste beweer dit. Lees bv. Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p. 124

[2]) Lees ook p. 29-33 hierbo.

sodat die geheelbeeld skeefgetrek word. Talle skrywers, o.a. Oberholzer, Landman en Langeveld, grond die noodsaaklikheid van die opvoeding in die hulpbehoewendheid van die kind.[3] Soos hieronder aangetoon sal word, is dit wel 'n belangrike grond, maar desnietemin nie hoofsaak nie.

2. <u>Die mens is nie wat hy behoort te wees nie</u>

Die wording van die mens het nie 'n parallelle vorm van groei en ontwikkeling by die dier nie. Hierdie wording volg op sulke tekortkominge en beperkinge van die suigling soos die gebrek aan verantwoordelikheidsin, geen besef van die sin van die lewe, die onvermoë tot selfbegrip en selfkritiek, geen kennis van Christelike norme, onbevoegdheid om tussen goed en kwaad te onderskei, en bo alles, 'n godsdienssin wat feitlik nog net in die embrio teenwoordig is. Daarom sê H. Bavinck die mens is

> ". . . eindig, beperkt, arm en zwak, afhankelijk en gebonden aan alle zijden."[4]

In sy wording gaan die mens veel meer as 'n suigling word. Hy gaan 'n mate van selfstandigheid, verantwoordelikheid, ens. ontwikkel, en as hy 'n Christen is, gaan sy godsdienssin aanmerklik groei en ontwikkel. Die apriori van groei en ontwikkeling kom van God en net deur die genade van God kan daar so iets soos wording plaasvind.

Die laaste opmerking dui reeds op die opvoedingswerk van God. Deur aan die mens die apriori van groei en ontwikkeling te skenk en deur ander genadegawes voed God anders as die mense op, maar dit is nietemin 'n wonderlike vorm van beïnvloeding met die doel om die mens nader na God te laat beweeg. Dit is dan ook die eerste rede waarom die opvoeding nodig is. Die mens in sy sonde sou nooit uit eie beweging God gesoek het nie, maar deur hierdie verhewe vorm van opvoeding, gepaard met die aprioristiese godsdienssin,[5] wat nog 'n opvoedingsmiddel van God is, word hy wel beïnvloed om God te soek. Dit dui op die hulpbehoewendheid van die mens.

Hierdie vorm van Goddelike opvoeding is egter nie die enigste nie. Behalwe die reeds genoemde apriori het God die mens ook 'n aprioristiese emosie, verstand, wil en liggaam gegee, en Hy wil hulle almal gebruik in sy opvoedingswerk. Verder het die mens die openbaring in Skriftuur

---

[3]) Bv. Oberholzer, C.K. Prolegomena . . . ., p. 315 en hoofstuk X

[4]) Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p. 47

[5]) Lees p. 137 hieronder.

en natuur ontvang, en daarin gebruik God nog meer opvoedingsmiddels. Hy sou dit alles sekerlik nie gedoen het nie as die opvoeding nie nodig was nie.

God tree egter nie as die enigste opvoeder op nie. Hy gebruik ook mense om hulle medemense op te voed. Die Christelik-nasionale opvoeder moet dan deeglik nadink oor sy eie toestand sowel as dié van sy opvoedelinge, sodat hy 'n besef van die menslike sondigheid, ellende en tekortkominge kan kry. Daarin vind hy 'n sterk motief om verder self om meer opvoeding te vra sowel as om sy opvoedelinge tot hulp te wees.

Die kind as opvoedeling is nog nie in staat om in sy eie lewensonderhoudte voorsien deur 'n beroep te volg nie. Die materialistiese doel is na alles tog nie verwerplik nie mits dit meelei na God toe. Ook hierin is die opvoedeling hulpbehoewend, sodat opvoedingshulp van God en mens onontbeerlik is. Hierin kan die driehoeksverhouding God-opvoeder-opvoedeling duidelik waargeneem word.

3. <u>Die mens soek na God</u>

J.H. Bavinck het baie moeite gedoen om aan te toon dat die mens bewus of onbewus na God soek.[6]) Dit kan ook nie anders nie, want die skepsel verlang na sy Maker, dié Een na Wie se beeld hy geskape is. Die mens beleef 'n ewige nood na God. Dit is nie so omdat hy in sy weerloosheid teen die groot natuurmagte en -kragte op wensdenkerige wyse vir hom 'n god uitdink sodat hy troos in sy swakheid kan ervaar nie. As dit so was, sou God nie werklik bestaan het nie en sou die mens hom op 'n onreële hersenskim verlaat het. Maar God is reëel en die mens se verlange na God is reëel.

In sy soeke na God spreek die mens se gewete hom ook aan. Sy skuldbesef laat hom in kinderlike afhanklikheid verlang na die herstel van die breuk wat deur die sonde veroorsaak is. Daarom soek hy na die verlossingsweg, die vergewing van sondes en die hereniging met die hemelse Vader. Net soos die kind wat sy ouer eer, in alles poog om sy ouer se wil te volbring, poog die ware Christen om die wil van God te volbring. Al hierdie sake word egter oorheers deur die mens se hunkering na liefde, want die ware driehoeksverhouding is niks anders nie as 'n heilige liefdesverhouding.

---

6) Bavinck, J.H. Religieus en wereldbeschouwingen <u>en</u> Religieus besef en Christelijk geloof

Hierdie soeke van die mens na God maak die opvoeding absoluut noodsaaklik. Die opvoedingswerk van God toon die regte weg aan en die medemens moet ook die regte weg aantoon, maar die menslike opvoeder moet tegelyk ook op daardie weg voorgaan (lei), en die opvoedeling ondersteun (begelei).

In hierdie lig gesien, voel die opvoeder klein en onbekwaam vir die grootse roeping en taak. Daarom gee God hom krag en voorligting, want daarsonder sou hy teruggedeins het. As verdere hulp en aansporing om die roeping en taak op sy skouers te neem, het God die Heilige Gees na die aarde gestuur om in die mens se hart 'n helder fakkel aan te steek. En verder is daar aan die mens die opdrag gegee, soos in die volgende paragraaf beskryf.

4. Die Goddelike opvoedingsopdrag aan die mens

Die Bybel bevat talle tekse wat duidelik aantoon dat God die mens beveel om op te voed en opgevoed te word. Net enkele voorbeelde:

„En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."[7]

„Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, dat julle dit vir julle kinders beveel om al die woorde van hierdie wet sorgvuldig te hou. Want dit is geen vergeefse woord vir julle nie, maar dit is julle lewe; . . ."[8]

„En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."[9]

As God dan die mens beveel om op te voed en opgevoed te word, is die opvoeding om hierdie rede noodsaaklik. Maar die Bybel sê ook baie oor die aard van die opvoeding wat beoog word, bv.:

„Die vrees van die Here is die beginsel van kennis . . ."[10]

„As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly . . ."[11]

„Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike

[7] Deut. 6:6-7

[8] Deut. 32:46-47

[9] Efes. 6:4

[10] Spr. 1:7

[11] Joh. 15:10

mens."[12])

So is die opvoeding dan noodsaaklik om die wet van God aan die mens oor te dra, aan die opvoedeling bekend te maak en hom te probeer oorreed om die wet aan te neem sodat hy dan al sy kragte sal inspan om daarvolgens te lewe.

5. Eise wat aan die mens gestel word

Aan die mens word eise gestel waarvan geen dier 'n begrip kan vorm nie. Sonder opvoeding kan daar nie verwag word dat die mens in sy sondige neigings self sal probeer om aan die eise te voldoen nie. Enkele belangrike eise is:

(a) Kennis en nastrewing van waardes

Die Bybelse waardes is die grondslag van alle waardes wat deur die Christen erken word. Maar die mens kom onvermydelik in aanraking met waardeopvattinge wat baie en soms radikaal verskil van die Goddelike waardes van die Bybel.[13]) Dit is dan duidelik dat die opvoedeling hulp, leiding en begeleiding, deur God en mens, nodig het om eerstens 'n kennis van die Bybelse waardes op te doen en tweedens daardie waardes na die beste van sy vermoë na te streef.

(b) Kultuureise

Die Bybel het baie te sê oor kultuur, al word hierdie woord nie gebruik nie. Die beskrywings van die tabernakel, die tempel van Salomo, die landbou, ens., vertel elkeen iets van die Israelietiese kultuur met duidelike aanwysings van die groot beginsels daarin. Dit is bv. onontkenbaar seker dat die kultuur in diens van God moet staan. Verder bevat die Bybel die grootste letterkundige meesterstukke van alle tye. 'n Gedig soos Ps. 68 het nie sy gelyke in enige literatuur buite die Bybel nie. Daarin spreek nogmaals die beginsel dat alle kunsvorme ook in diens van God moet staan.

As die kind op eie stoom moet begin om 'n kultuur sonder hulp, leiding en begeleiding op te bou, kan daar baie min, indien enigiets, tot stand kom. Die opvoeding deur God en mens is nodig om die grondbeginsels by hom tuis te bring sowel as om hom met reeds bestaande kultuur en kultuurvorme bekend te stel. Eers daarna kan hy (die opvoedeling) die kultuur in diens van God gebruik en dit verder help uitbou. Dan beskik

---

[12]) Rom. 7:22

[13]) Die Christelike waardes is reeds op p. 43-45 bespreek.

hy oor norme waarmee hy kan bepaal watter kultuur vir die Christen aanneemlik is en watter nie.

(c) Die innerlike stryd tussen die natuurlike en die teennatuurlike

Om misverstand te voorkom word die begrippe teennatuurlikheid (nie onnatuurlikheid nie) en natuurlikheid omskryf. Natuurlikheid kan terugwys na die oorspronklike geskape mens. Hy is goed geskape en sy natuurlike drang was om God lief te hê. Maar as gevolg van die sondeval het die menslike natuur so verander dat dit daarna net andersom is. In die Calvinistiese literatuur word gedurig melding gemaak van die algeheel verdorwe natuur van die mens op grond van Bybeluitsprake, bv.:

„Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie."[14]

„. . . want ons was van nature kinders van die toorn. . ."[15]

Natuurlikheid sien dan op die sondige neigings van die mens van na die sondeval.[16] Teennatuurlikheid is dan die genadige werking van God in die mens se hart waardeur die mens in staat gestel word om weerstand teen die sonde te bied. Dis die oorblyfsel van die natuurlikheid van voor die sondeval. Dit sien op die afsterwe van die ou mens (natuurlikheid) en die opstanding van die nuwe (teennatuurlikheid).[17]

Hierdie konflik word baie mooi opgesom deur Paulus in die volgende woorde:

„Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."[18]

Die natuurlikheid van die mens word soms beskou as die regte houding in teenstelling met onnatuurlikheid. Dan word gepleit vir die navolging van die natuurlikheid, want onderdrukking daarvan lei tot inhibisies, komplekse, repressie en ander sielkundige ongesteldhede. Hierdie naturalisties liberalistiese siening[19] hou nie rekening met enige Bybelse motivering vir die teennatuurlikheid nie en die ondersteunende krag van God word misgekyk. Om hierdie opgaan-in-die-natuur of natuurverheerliking in die regte perspektief te stel, is opvoeding deur God en mens noodsaaklik. Trouens, dit is 'n moeilike taak om die mens te oortuig dat die natuurlike teengegaan moet word en dat die teennatuurlike

14) Rom. 3:10
15) Ef. 2:3 Vgl. ook Die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 5.
16) In Oberholzer, C.K. Op. cit., p. 335-337 word dieselfde betekenis aan die begrip natuurlikheid geheg.
17) Die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 89-91
18) Rom. 7:19
19) Vgl. Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p. 127 en 260.

die weg na God toe aandui.

Hoewel Rousseau en sy kollegas selde direk gevolg word of as voor=beeld van die regte denkers voorgehou word, is dit nogtans so gerieflik om te sê: ,,Moenie met die kind peuter nie. Laat staan hom, hy is van nature goed en sal self regkom." Dit is bv. die ondertoon in die denke wat in Suid-Afrika en elders dikwels aangetref word.[20)]

Dis hier nodig om met nadruk te verklaar dat die onnatuurlike nooit goedgepraat kan word nie en dat dit glad nie dieselfde as teennatuurlik=heid is nie.

(d) Selfdissipline

Hoewel eksterne dissipline sy plek en waarde in die opvoeding het, kan dit nie ontken word nie dat selfdissipline die ideaal is waarop eksterne dissipline moet uitloop. Die vraag van Kain[21)] kan 'n bietjie anders gestel word, nl.: ,,Is ek my eie wagter?" En dan is die antwoord beslis: ,,Ja!"

Maar hoe kry 'n mens dit reg om jouself op te pas? Die opvoeding deur God en mens is absoluut onontbeerlik om die opvoedeling se gewetenstem helder en hoorbaar te laat spreek en die opvoedeling te beïnvloed, te lei en begelei tot selfbeheersing en navolging van die wil van God. Self=kritiek is baie moeilik omdat die mens so graag 'n verskoning vir sy sondes soek, maar deur die genade van God, die ondersteuning van die Heilige Gees en die medewerking van 'n gelowige Christen wat as opvoe=der optree, kan dit wel verwesenlik word, nooit honderd persent nie, maar nietemin in 'n aansienlike mate.

6. Die reg, voorreg en plig om op te voed

Die formulier van die heilige doop laat geen twyfel oor die reg, voorreg en plig om op te voed nie. Dit is dan die taak van die opvoeder om sy opvoedelinge as toekomstige opvoeders te oortuig dat opvoeding nie die opdrag van 'n sersant-majoor is nie en dus sonder bevraagtekening gehoorsaam moet word, maar dat dit 'n reg en voorreg is. Dit is dan alreeds 'n rede waarom opvoeding nodig is.

Aangesien God aan die mens die reg gegee het om op te

---

20) Volgens 'n koerantberig van 29 Des. 1972 het 'n bekende Transvaalse onderwysman smalende opmerkings gemaak oor ,,the Calvinistic disci=pline", wat dan verantwoordelik sou wees vir die sewe Afrikaans=sprekende matrikulante wat elk sewe onderskeidngs behaal het.

21) Gen. 4:7

voed,[22]) moet hy opvoed. Om in diens van God te arbei is 'n heerlike voorreg. Dit is 'n gulde geleentheid om uiting te gee aan die dankbaarheid van die hart. Die Christelik-nasionale opvoeder kan nie anders nie as om die beste gebruik te maak van daardie voorreg. Om op te voed is vir hom 'n absolute noodsaaklikheid.

7. Navolging van 'n lewensdoel

Die Christelik-nasionale opvattinge oor die doelstelling van die lewe is reeds beskryf.[23]) Daar is ook aangetoon dat alle mense nie dieselfde rigting volg nie. Dit verander egter nie die Christelik-nasionale doelstelling nie en die Christelik-nasionale opvoeder weet waarheen hy sy opvoedelinge wil lei en begelei.

Nou ontstaan die vraag: Kan daardie doelstelling van die lewe nagestreef word sonder opvoeding? Twee moontlikhede word ondersoek:

* Kan die mens sonder hulp, leiding en begeleiding tog na God toe beweeg? Die antwoord is voor die hand liggend: As daar nie 'n sondeval was nie, sou dit beslis gebeur het, maar nou het die sondeval van hom 'n bedorwe wese gemaak en is hy van nature geneig om God te haat. Die teennatuurlike houding pas by die opvoedingsdoel in en opvoeding help mee om die natuurlikheid te beveg.

* Kan die mens bloot deur sy medemens „af te loer" die Christelike weg volg? Identifikasie met die Christelike voorbeeld van die medemens, waar lg. glad nie lei of begelei nie, is moontlik, want die Heilige Gees werk in die mens se hart, sodat Goddelike opvoeding plaasvind. Dit spreek egter nie die menslike opvoeder vry van sy roeping en taak om bewustelik te lei en begelei nie. Dus, aanvaarding en nastrewing van die Christelike doelstelling kan nie sonder enige opvoeding plaasvind nie.

8. Die liggaamlike opvoeding

Wanneer koerantverslae oor sportaangeleenthede gelees word, word die volgende gevind:

* Elke koerant wy 'n aansienlike ruimte aan hierdie saak.
* Sport maak vandag 'n belangrike deel van die mens se lewe uit.
* Sport het vandag baie te doen met die nasionale prestige, reklame en politiek.

---

23) P. 119-133 hierbo.
22) Ef. 6:4

* In totaal gesien het daar reeds 'n sportkoninkryk op aarde tot stand gekom.

Van Christelik-nasionale opvoedkundige oogpunt beskou, behoort verder gegaan te word. Enige vorm van liggaamlike opvoeding moet opvoeding in die ware sin van die woord wees. Daarom moet dit ook die einddoel van alle menselewe nastreef. Daar kan verdere redes vir die noodsaaklikheid van die opvoeding aangegee word:

* Die mens se liggaam is 'n tempel van God[24] en daarom moet dit opgevoed word.

* Die mens doen ook kennis op deur middel van sy liggaam, ook kennis van God, bv. deur die sintuie te gebruik. Daarom moet die sintuiglike waarneming en die interpretasie van waarnemings by die liggaamlike opvoeding ingesluit word.

* 'n Baie groot deel van die natuurlikheid van die mens kom juis in sy liggaam tot uiting, bv. die begeerte om die sinne te streel op egosentriese wyse.[25] Dan kry die gees van materialisme (in die sin van najaging van wêreldsgoed) so maklik die oorhand. Die opvoeding is dan absoluut noodsaaklik vir die dissiplinering van die liggaam.

9. <u>Samevatting</u>

Vir die Christelik-nasionale opvoeder is die opvoeding absoluut noodsaaklik, want die mens is nie wat hy behoort te wees nie. Dit geld vir al die aspekte van menswees.

> ,,Opvoeding is onmisbaar, is levensvoorwaarde voor het geestelijk, het redelijk-zedelijk welzijn van den mensch."[26]

By die bestudering van talle werke van opvoedkundige aard[27] word gedurig dieselfde refrein verneem: Die opvoeding is noodsaaklik. Maar die redes wat aangegee word, verskil hemelsbreed, net soos die opvattinge oor wat opvoeding is en watter doelstellinge in die opvoeding nagestreef moet word. Vir die Christelik-nasionale opvoeder is daar egter 'n baie helder lig wat van God afstraal. In hierdie lig vind hy die antwoorde vir al sy vrae.

In Suid-Afrika is daar baie mense[28] wat sê dat die onderwys

---

24) I kor. 3:13 en 6:19
25) Rom. 6:12
26) Bavinck, H. Paedagigische beginselen, p. 12-13
27) Bv. werke van Gunter, Oberholzer, Landman, Coetzee, Kohnstamm, e.a.
28) Bv. die duisende lede van die Transvaalse Onderwysersvereniging

Christelik-nasionaal moet wees, en baie van hierdie mense glo ook dat dit wel so is. Is hierdie mense op hoogte met die redes waarom die opvoeding noodsaaklik is?

Aangesien baie mense ook openlik kant kies teen Christelik-nasionale onderwys,[29] en aangesien die onderwyser die gevoelens van andersdenkende ouers en kinders nie mag seermaak nie,[30] soos deur die wet bepaal, kom die Christelik-nasionaalgesinde tot die volgende slotsom:

KINDERS VAN CHRISTELIK-NASIONAALGESINDE OUERS IS GEREGTIG OP 'N SKOOL WAAR DIE ONDERWYS OOK DIE CHRISTELIK-NASIONALE SIENING VAN DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE OPVOEDING ONDERSKRYF, NIE NET OMDAT DIT VAN OWERHEIDSWEË TOEGELAAT WORD NIE. DIT BEHOORT REGERINGSBELEID TE WEES. EN AS DAAR VOORSIENING VIR ANDERSDENKENDES GEMAAK MOET WORD, ONTNEEM DIT DIE CHRISTELIK-NASIONALE KINDERS NOG NIE DIE REG EN ONTHEF DIT DIE OPVOEDERS NIE VAN DIE VERPLIGTING OM WEL MET NIKS MINDER AS 'N CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDING TEVREDE TE WEES NIE. CHRISTELIK-NASIONALE KINDERS IS GEREGTIG OP 'N CHRISTELIK-NASIONALE SKOOL. DIE REDES WAAROM DIE OPVOEDING ABSOLUUT NOODSAAKLIK IS, BEVESTIG DIE KORREKTHEID VAN HIERDIE STANDPUNT.

---

29) Spesifieke gevalle word beskryf op p. 267-272, hieronder.

30) Die betrokke wetgewing word beskryf op p. 235-239 hieronder.